

## Reeksvoorwoord

Die *HTS Supplementum Reeks* is addisioneel tot die gebruikelike aflewings van die *Hervormde Teologiese Studies*. Die eerste aflewering van die *HTS* het in 1942 verskyn. Dit is dus die oudste bestaande teologiese publikasiereeks in Suid-Afrika. Die *HTS* stel hom ten doel om in ooreenstemming met sy stigtingsakte diens op nasionale gebied te lewer deur die teologiese wetenskap te bevorder en 'n eie Suid-Afrikaanse teologie uit te bou. Die bedoeling van die *HTS Supplementum Reeks* is om monografieë en ander versamelwerke in verband met die teologie te publiseer. Alleen werke van hoogstaande wetenskaplike kwaliteit word in oorweging geneem. 'n Narratologiese ondersoek van die boek Jona is die derde nommer in die reeks. Prof Henk Potgieter lewer met hierdie publikasie 'n belangrike struktureel-semiotiese bydrae op die gebied van die eksegeese van die Ou Testament.

Johan Hendrik Potgieter is sedert 1975 'n dosent in die Departement Semitiese Tale aan die Universiteit van Pretoria. In 1975 is hy as junior lektor aangestel, in 1977 is hy bevorder tot lektor en in 1981 tot senior lektor. Sedert Julie 1984 is hy waarnemende departementshoof. Op 1 Desember 1988 word hy bevorder tot professor in en departementshoof van die Departement Semitiese Tale. Hy behaal die volgende grade: BA (1971) aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, BD en BA Honneurs (1974) aan die Universtiteit van Pretoria, MA (1980) aan die Universiteit van Pretoria en DD (1988) aan die Universiteit van Pretoria. Al sy grade is met lof behaal. In 1982 ontvang hy die Nasionale beurs, die British Council beurs en die RGN beurs vir na-magister navorsing in die buiteland. Die onderhawige publikasie is 'n verwerking van sy DD-proefskrif.

A G van Aarde  
Reeksredakteur

November 1991